GOEIE KEUSES, GOEIE GESONDHEID

JAAREINDE-OPSIES 2015

HEALTH

ALEXANDERFORBES
Securing your financial well-being

Oktober 2014

NG KERK IN SA
Vir aandag: Lede van Discovery Health

Een keer per jaar, met opsie-hernuwing, word u die geleentheid gegee om u mediese skema-opsie te verander.

Dit is ’n verandering wat ’n direkte uitwerking op u gesondheid en dié van u gesin sal hê, en daarom is dit belangrik dat u die vlak van dekking kies wat op die beste manier aan u en u gesin se behoeftes sal voldoen. Dit sal in werking tree op **1 Januarie 2015**.

Skuif ’n bietjie tyd opsy om vertroud te raak met die veranderinge in u skema vir die jaar 2015, sodat u al die inligting tot u beskikking het om goeie keuses te maak en goeie gesondheid te geniet.

Is u tevrede met u bestaande mediese skema-opsie?

Dit is geensins verpligtend om u mediese skema-opsie te verander nie. Indien u tevrede is met u bestaande opsie, en glo dat dit sal voortgaan om in u en u gesin se gesondheidsbehoeftes vir die komende jaar te voldoen, kan u gerus bly by u bestaande opsie. Dit sal nie nodig wees vir u om enige vorms hiervoor te voltooi nie, maar u sal wel wil kennis neem van enige veranderinge vir 2015 aan u opsie-plan.

Wil u u bestaande skema of opsie verander?

Om u mediese skema-opsie te verander, voltooi die **skema-opsie veranderingsvorm (Aanhangsel C)** en stuur dit aan **Christine Lombard** teen nie later as **21 November 2014** nie.

Let asseblief daarop dat indien u nie die **Sinodale Kantoor** in kennis stel van u opsie-keuse voor die sperdatum nie, sal u op u huidige opsie bly, en u eerste geleentheid om ’n verandering te maak sal eers weer op 1 Januarie 2016 wees.

Die posadres is soos volg:

NG Kerk in SA (Medies)
Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

Navrae met betrekking tot die invul van die vorms, kan aan Christine Lombard gerig word by:

☎	021 957 7106
🖷	021 957 7101
E-pos:	medies@kaapkerk.co.za

Wat is die sleutelvrae wat ek moet vra?

- Was my mediese spaarplan hierdie jaar voldoende?
- Hoeveel sal ek vir volgende jaar benodig?
- Het ek my Voordeel Bo-Drempel bereik as ’n Prioriteit-, Omvattende of Eksklusiewe Plan-lid?
- Benodig ek omvattende dekking, of pas ’n spaarplan my beter?
- Watter opsie sal vir my die beste dekking verskaf vir my chroniese medikasie behoeftes?

Deur ’n Eisegeskiedenistransaksieverslag (CTH) van Discovery Health (0860 99 88 77) aan te vra, kan u u jaarlikse gebruik van u mediese fonds in oënskou neem. Dit sal u help om goeie keuses te maak met betrekking tot u voordele-behoeftes vir die jaar 2015.

Elektroniese Navrae
Indien u toegang tot die Internet het, kan u die webwerf van Discovery Health (**http://www.discovery.co.za)** besoek vir inligting rakende die werking en voordele van die skema. U kan ook aansoek doen vir toegang tot u persoonlike inligting en die verwerking van u eise.

Benodig u enige hulp met die neem van die besluit?

U **Alexander Forbes Health-konsultant** sal beskikbaar wees om u te help om ’n goeie keuse te maak, sodat u en u gesin goeie gesondheid kan geniet.

Rachelle Dyssel **Alexander Forbes Health Stellenbosch**
☎ 021 809 3743 🖷 021 809 2820 E-pos: dysselr@aforbes.co.za

Kliënt Navraag Sentrum **Alexander Forbes Health Stellenbosch**
☎ 021 809 3777 E-pos: clientspecialist@aforbes.co.za

Weens slegs geringe voordeelwysigings van die Discovery Health Mediese Skema vir 2014, het die Mediese Sub-Komitee besluit dat geen lede-inligtingsessies in streeksverband sal plaasvind nie.

U word egter aangemoedig om met Christine Lombard of met een van die Alexander Forbes Health-konsultante, rakende mediesverwante advies in verbinding te tree.

Hoeveel sal u betaal in 2015?

Discovery Health se totale geweegde-gemiddelde bydraeverhogings vir al die opsies, effektief 1 Januarie 2015, is 9,7%.

Die meeste lede sal egter ’n verhoging van **9,9%** ervaar**,** met die uitsondering van die Eksklusiewe plan, wat ‘n verhoging van **10,9%** sal ervaar. Lede op die KeyCare-planne kan egter ’n laer verhoging ervaar as gevolg van die verandering in die inkomste-skale.

Verwys asseblief na die bydraeskaal **(Aanhangsel A)** wat ingesluit is in die kommunikasie-brosjure.

Wat is die mees belangrike voordeelveranderinge met betrekking tot my mediese skema en opsie in 2015?

1. Hospitalisasie-voordele

Bybetalings

Verwys asseblief na **Aanhangsel B** in die kommunikasie-brosjure wat besonderhede sal verskaf oor die inbetalings met hospitalisasie en bybetalings vir sekere prosedures wat van toepassing is op die verskeie planne van Discovery Health. Skenk aandag aan hierdie besonderhede sodat u vertroud is met die inligting oor hierdie bybetalings.

Hospitaalnetwerke

Die **Delta Hospitaalnetwerk is van toepassing op al die Delta-planne vir beplande opnames.** Die Vincent Pallotti-hospitaal sal ingesluit word en die LHC Kingsbury- en Claremont-hospitale is verwyder van die Delta-netwerk in die Wes-Kaap. In Gauteng is die Genesis-kliniek bygevoeg. Die Horizon Oog-kliniek is bygevoeg in die Vrystaat-streek.

Lede op die Kusstreek-planne moet ’n hospitaal in een van die provinsies in die kusstreke gebruik vir beplande hospitaal-prosedures. As ’n lid kies om nie gebruik te maak van ’n hospitaal in ’n provinsie op die kus nie, sal Discovery Health slegs tot ’n maksimum van 70% van die hospitaalrekening betaal en die lid sal die verskil moet inbetaal.

KeyCare Kern- en KeyCare Plus-lede moet gaan na een van die KeyCare Netwerk-hospitale op die lys vir beplande opnames in die hospitaal. As u nie hierdie hospitale gebruik vir beplande opnames in die hospitaal nie, sal u die rekening moet betaal. Dieselfde hospitaal-netwerklys is slegs van toepassing op lede van KeyCare Access in geval van lewensbedreigende opnames en gespesifiseerde gevalle van trauma. Die KeyCare Access Hospitaalnetwerk se lys is van toepassing op lede van KeyCare Access, maar slegs vir geboortes en die sorg van pasgebore babas. Ander goedgekeurde opnames in hospitale vir lede van KeyCare Access word gedek deur Discovery se netwerk van staatsfasiliteite.

Die volgende hospitale is **bygevoeg** by die KeyCare hospitaalnetwerk**:**
- Gauteng – Saxonwold: Genesis-kliniek
- Vrystaat – Bloemfontein: Horizon Oogsentrum
- Wes-Kaap – Bellville: Kaap Ooghospitaal
- Mpumalanga – Barberton: Eureka privaathospitaal en LHC Piet Retief
- Noordwes – Brits: MediClinic Brits

Die volgende hospitale is **verwyder** van die KeyCare Hospitaalnetwerk:
- Vrystaat – Bloemfontein: Oogsentrum
- Mpumalanga – Barberton: Barberton MediClinic

2. Voordeel vir Chroniese Siektes (VCS)

Die **Voordeel vir Chroniese Siektes** bied dekking vir ’n lys van chroniese toestande volgens die plan-keuse van die lid, asook dekking vir goedgekeurde medikasie op Discovery Health se medisynelys. Indien ’n lid medikasie neem wat nie op die Discovery Health se chroniese formulelys verskyn nie, is daar ’n vasgestelde maandelikse bedrag beskikbaar om medisynekostes te dek, wat bekendstaan as die Bedrag vir Chroniese Medisyne (BCM). Lede moet aansoek doen en goedkeuring verkry van Discovery Health voordat hierdie toestande uit die Voordeel vir Chroniese Siekte gedek sal word. Discovery Health sal dan betaal vir medikasie tot en met die Discovery Health se medisyne-tarief, en volgens die lede se plan-keuses.

Die Chroniese Medisyne op die Formulelys sal aangepas word dienooreenkomstig met jaarlikse prysaanpassings. Die nuwe formulelys sal van toepassing wees op alle nuwe chroniese registrasies met ingang van 1 Januarie 2015. Die veranderinge sal egter eers op 1 Julie 2015 geïmplementeer word vir lede wat tans geregistreer is vir die Voordeel vir Chroniese Siektes om lede genoeg tyd te gee om hulle dokter te spreek.

Lede wat hierdeur geaffekteer word, het drie (3) keuses:
- Oorweeg alternatiewe medikasie wat wel op die formulelys is, of minder as die Bedrag vir Chroniese Medisyne kos.
- Dien ’n kliniese motivering in om die bestaande medikasie wat geneem word ten volle te laat dek.
- Gaan voort om die bestaande medikasie te neem – en maak ’n groter bybetaling.

MedXpress

Lede wat van ***MedXpress***, Discovery se medisyne-afleweringsdiens gebruik maak, hoef nie enige aflewerings- of administrasiekoste te betaal nie. Discovery se gekwalifiseerde diensagente kan lede ook adviseer rakende die mees koste-effektiewe alternatiewe wat net soveel soos die Discovery Health medisyne-tarief, of minder sal kos, en op hierdie manier sal die bybetalings en die resepteringsfooie tot ’n minimum beperk word. Alle groot apteek-kettingwinkels, insluitende Clicks Pharmacies, Dis-Chem en MediRite, sowel as meer as 1 200 apteke in die gemeenskap is gekontrakteer om lede van Discovery Health hierdie pryse te vra.

- **Vanaf 2015** sal lede wat ***MedXpress*** gebruik, kan kies om hulle chroniese en akute medikasie **op die perseel van die apteke van Dischem, Clicks and Medi-Rite af te haal.** Die self-afhaal opsie kan op twee maniere geselekteer word: deur die lede 'app' en deur die dienssentrum te skakel. Aangewese apteke waar bestellings afgehaal kan word, kan gevind word deur die dienssentrum te skakel of www.discovery.co.za te besoek**.**
- ***MedXpress*** sal die **aangewese diensverskaffer** vir **chroniese medisyne** word **vir lede op die Kernplanne** (Klassiek, Essensieel en Kusstreek) met ingang van **1 Julie 2015** vir bestaande geregistreerde chroniese lede. **Nuut-gediagnoseerde lede** op die Kernplanne sal vanaf **1 Januarie 2015** vir ***MedXpress*** moet gebruik, anders sal 'n 20% bybetaling geld.

3. Dag-tot-Dag Voordele

Lede wat op Kernplanne geregisteer is, het nie toegang tot dag-tot-dag voordele nie. KeyCare Plus en KeyCare Access plan-opsies bied vasgestelde onbeperkte voordele deur netwerk-verskaffers. Alle ander opsies verskaf dag-tot-dag dekking deur die Mediese Spaarplan, die Versekerde Netwerk-voordeel en die Voordeel Bo Drempel (waar van toepassing).

Mediese Spaarrekening (MSR)

- Dag-tot-dag voordele word aanvanklik uit die MSR betaal
- Die fondse in die MSR is vooruit beskikbaar aan lede en aan afhanklikes
- Die fondse in die MSR sal pro-rata bereken word, afhangende van die lid se aansluitingsdatum, indien die lid of 'n afhanklike gedurende die jaar aansluit
- Die lid sal enige deel van die MSR wat gebruik is, maar nog nie voor betaal is nie, moet terugbetaal as hy/sy of 'n afhanklike gedurende die jaar uit die mediese fonds sou bedank. Dit word as terugwerkende betaling hanteer.
- Alle ongebruikte fondse word tot die volgende jaar oorgedra.
- Die toegekende bedrag sal op die lid se plan en gesinsgrootte gebaseer word en die persentasie van die toegekende bedrag word gebaseer op 'n bepaalde persentasie van die totale bydrae, wat onveranderd bly vir die jaar 2015:
  - Eksklusiewe– 25% van die totale bydrae
  - Klassiek – 25% van die totale bydrae (behalwe Klassiek Omvattende Zero MSR, wat geen MSR het nie)
  - Essensieel– 15% van die totale bydrae
  - Kusstreek – 25% van die totale bydrae

Die Versekerde Netwerkvoordeel (VNV)

Die **Versekerde Netwerkvoordeel** bied sekere dag-tot-dag voordele aan lede, indien die fondse in hulle Mediese Spaarrekening uitgeput is, en/of wanneer hulle hulle in die sogenaamde selfbetalingsgaping bevind, waar dit van toepassing is. Die voordele kan slegs verkry word deur Discovery-netwerk verskaffers en bestaan uit die volgende: Afsprake by 'n Algemene Praktisyn, Patologie (bloedtoetse), Akute Medikasie en 'n nuwe Kraamvoordeel asook Eksterne Mediese Items, afhangende van u plankeuse.

Die **Versekerde Netwerkvoordeel** vir 2015 bly grootliks onveranderd, met die uitsondering van die **verwydering van Medi-Rite as die voorkeurverskaffer vir patologie.**

Drempelvlakke

Drempelvlakke word in **Aanhangsel A** aangedui.

KeyCare

Die struktuur van die inkomsteskale van KeyCare Plus is as volg aangepas vir 2015:

	2014	2015	Rede vir die aanpassing
Inkomsteskale	R 0 – R 6 650	R0 – R360 *	'n Laer bydrae vir individue sonder toegang tot staatstoelaes of enige ander vorm van inkomste.
		R361 – R7 050	Hierdie inkomsteskale is herstruktureer om bydrae-verligting te verskaf aan werknemers wat minder as R10 000 per maand verdien.
	R 6 651 – R8 800	R7 051 – R10 000	
	R8 801+	R10 001+	

***KeyCare Plus 360° plan vir studente** – hierdie plan bied dekking deur die Discovery KeyCare Plus-netwerk, wat die volgende verskaf: hospitalisasie, voordele vir chroniese siektes, dag-tot-dag mediese sorg en voordele gemik op toetsing en voorkoming. Bydraes is jaarliks vooruitbetaalbaar vir die gekose dekkingstydperk.

4. Nuwe voordele vir 2015

Netcells Biosciences – bykomende kriogene voordele
Sedert 2014, het alle lede toegang gehad tot 'n voorafbepaalde afslag van 25% op **naelstring-bloed en –weefsel stamselbewaring deur Netcells Biosciences**. Vanaf **1 Januarie 2015**, kan lede ook tot **25% bespaar op semen-toetse en-bewaring**. Vir verdere inligting kan u die Netcells-webwerf besoek by http://www.netcells.co.za

Persoonlike Gesondheidsprogramme
Lede met **diabetes, hipertensie, hiperlipidemie en chroniese hartsiektes** sal toegang hê tot 'n persoonlike gesondheidsprogram deur 'n netwerk van aangewese dokters (Premier Practice) teen die einde van Januarie 2015. Hierdie program sal leiding aan lede verskaf oor hoe hulle hulle gesondheid kan verbeter.

Die aangewese dokters (Premier Practice) sal die lede se vordering volg en monitor dwarsdeur die program in reële tyd deur te kyk na die lede se gesondheidstatistieke met betrekking tot fiksheid en bloed-glukosevlakke, gewigsbeheer, voeding en die neem van medikasie. Lede sal ook te enige tyd hulle eie vordering kan monitor, deur middel van relevante herinneringsboodskappe, en sal ook Vitality-punte kan verdien **(Vitality-lidmaatskap is nie 'n voorvereiste vir hierdie voordeel nie).**

Voordele sluit dus die volgende in: **inskrywing by 'n aangewese dokter (Premier Practice)** ('n Geakkrediteerde dokterspraktyk, wat onderworpe is aan portuurevaluering; geregistreer by HealthID); **Toegang tot aanlyn-leefstylprogramme** (Stuur boodskappe om lede te herinner om hulle medikasie-voorskrifte na te volg; dokters-afsprake, patologie-toetse, besoeke aan 'n dieetkundige, fisiese aktiwiteit, 'n paneelbord om vordering te monitor); **Addisionele risikovoordele van DHMS** (Voorgeskryf deur 'n Premier-Practice dokter: konsultasies met 'n Dieetkundige en 'n Biokinetikus); **Verdien ekstra Vitality-punte** (Addisionele punte vir Aansluiting, Evaluering, die Volg van die program en die Klaarmaak van die program).

Discovery Tuisversorging
Discovery Tuisversorging is 'n gesondheidsdiens wat lede tuis versorg in die gemak van hulle eie woonplekke. Die voordeel sal beskikbaar wees vir alle lede van DH, alhoewel dit aanvanklik net sal begin in Gauteng met ingang van 1 Januarie 2015. Die diens sal onderworpe wees aan sekere kliniese kriteria.

Hierdie dienste sluit die volgende in:

Nageboortelike versorging	• Beskikbaar aan ma's wat toestem om een dag vroeër uit die hospitaal ontslaan te word • Sluit drie tuisbesoeke in of een tuisbesoek en twee besoeke van die nagverpleegster • Betaalbaar uit risiko-voordele.
Palliatiewe sorg	• Palliatiewe, lewenseinde-versorging aangebied in samewerking met die Hospice Palliative Care Association • Voordele word betaal uit die Deernisvoordeel tot by die voordele-limiet van die plan.
Binne-aarse infusies by die huis	• Die opstel van binne-aarse infusies en die toediening van antimikrobiale middels, biologiese middels, binne-aarse yster-inspuitings en immunoglobulien vir stabiele pasiënte • Betaalbaar uit die risiko-voordeel in plaas van hospitalisasie; geen limiet word toegepas nie.
Ondersteuningsorg	• Verskaffing van korttermyn versorgingsdienste wat tydelike verligting bied aan versorgers wat omsien na lede se gesondheidsbehoeftes • Voordele word deur lede betaal.
Wondversorging	• Sluit dekking in vir veneuse sere, diabetiese voetsere en druksere, asook ander matige tot ernstige wonde vir stabiele pasiënte • Dekking vir wondverbinding, dreinering, irrigasie, die verwydering van steke en VAC terapie • Betaalbaar uit die risiko-voordeel in plaas van hospitalisasie; geen limiet word toegepas nie.

Toegang tot dienste: Behandelende dokter en gekwalifiseerde tuisversorgingskonsultant. Kry meer inligting op www.discovery.co.za.

HealthyCare
In 2015 sal **MediSpaarder** en **ChroniCare** se voordele gekombineer word om alle lede toegang te gee tot ’n verbeterde verskeidenheid van voorkomende-sorg items by beide **Clicks** en **Dischem**. Daar sal ook ’n verandering in die struktuur van hierdie voordeel wees in 2015. **Lede sal slegs ’n afslag van 10% ontvang met registrasie vir hierdie voordeel.** Die voordeel kan egter verhoog word tot by **25% vir lede van Vitality** wat al die vereiste **Vitality Check siftingstoetse** ondergaan het.

Die Discovery HealthyCare katalogus verskaf besparings aan lede op die volgende:

- Babasorg-items
- Items vir die versorging van tande
- Items vir oogversorging
- Items vir voetversorging
- Oor-die-toonbank medisyne (skedule 1 & 2)
- ’n Verskeidenheid van monitor-toestelle en spesiale kosse om u chroniese toestand onder beheer te hou
- Noodsorg
- Items vir selfversorging
- Items teen sonbrand
- Kliniese verplegingsdienste
- Drabare gesondheids- en fiksheidstoestelle

Lede kan met Discovery Health by **www.discovery.co.za** in verbinding tree vir meer inligting.

Discovery Health on Call

Vanaf 20 Februarie 2015:	Lede sal die Discovery **lede ‘app’** kan gebruik om ’n virtuele konsultasie met hulle eie gesinsdokter, of ’n ander dokter, te bespreek, 24 uur per dag, sewe dae per week.
Vanaf 20 Maart 2015:	Lede sal via die lede ‘app’ hulle doktersafsprake kan maak vir sekere doeleindes. Die lid ‘app’ kan gebruik word om **afsprake te kanselleer of te verander** wat reeds gemaak is**,** indien die veranderinge minstens **24 uur voor die afspraak** gemaak word.

Hierdie virtuele konsultasies sal betaal word uit lede se beskikbare dag-tot-dag voordele op die Eksklusiewe-, Omvattende-, Prioriteits- en Spaarderreekse; KeyCare- en Kernlede sal self vir hierdie konsultasie moet betaal. Discovery sal ’n inskrywingsproses onderneem om bestaande dokters op die netwerk vir hierdie program te registreer, aangesien lede net met dokters kan konsulteer aan wie hulle HEALTHID-toestemming gegee het.

Indien dit sou gebeur dat die gekose dokter nie beskikbaar is nie, sal lede ’n afspraak vir ’n konsultasie kan maak met die 24/7 Health on Call GP indien die gekose dokter toestemming verleen het, en beskikbaar is. Die koste van die konsultasie in 2015 sal R250 per konsultasie wees en R600 per konsultasie vir ’n verlengde konsultasie van aangesig tot aangesig (van toepassing op lede met sekere gesondheidstoestande).

Gesondheids- en fiksheidstoestelle
Lede sal tot R750 van die koste van die drabare toestel kan eis uit hulle dag-tot-dag voordele. Die bedrag wat geëis word, sal 100% akkumuleer tot die drempel (indien van toepassing). Hierdie voordeel sal beskikbaar wees vir een toestel per lid/afhanklike (oor die ouderdom van 18 jaar) per jaar op Spaarder-, Prioriteits-, Omvattende- en Eksklusiewe planne vanaf geselekteerde/deelnemende Dischem- en Clicks-winkels. Vitality-lede sal ook kwalifiseer vir ’n 25% kontant-terugbetaling op geselekteerde toestelle, naamlik Garmin, Fitbug, JAWBONE, POLAR, Fitbit en iHealth Scale. Die volledige lys van toestelle wat uit hierdie voordeel befonds kan word, sal beskikbaar wees op www.discovery.co.za. Lede van Discovery Health met Vitality-lidmaatskap sal ook kwalifiseer vir die 25% kontant-terugbetaling deur die HealthyCare-voordeel.

Internasionale tweede-opinie dienste - Cleveland Clinic
Vanaf 1 Januarie 2015, sal die skema 50% van die koste van ’n tweede-opinie diens betaal. Hierdie diens word gelewer deur die Cleveland Clinic (internasionale gesondheidskenners) wanneer ’n tweede opinie versoek word deur die spesialis wat ’n lid behandel vir lewensbedreigende en lewensveranderende toestande. Dit sal op alle Discovery-planne, behalwe KeyCare beskikbaar wees:

- $545 sonder patologie-analise
- $745 met patologie-analise

5. Vitality

Vitality HealthyLiving
Lede sal kwalifiseer vir 'n 10% kontant-terugbetaling van alle deelnemende winkels/apteke. Die kontant-terugbetalingspersentasie neem toe tot by 25% by hulle gekose diensverskaffer soos wat lede aanlyn-toetse en fisiese gesondheidstoetse laat doen om meer omtrent hulle gesondheid te leer.

10%	15%	25%
HealthyFood	Aanlyn voedings-assessering	Liggaamsamestelling-assessering
HealthyCare	Vitality ouderdom	Vitality gesondheidstoets
HealthyGear	Aanlyn fiksheidsassessering	Vitality fiksheidsassessering

HealthyLiving Miles Multiplier
DiscoveryCard-houers kan hulle Discovery-myle wat hulle by deelnemende HealthyLiving-winkels op hulle kaarte uitgegee het, tot 10 keer vermenigvuldig, gebaseer op hulle Vitality-status.

Blou	Brons	Silwer	Goud	Diamant
1 x	2 x	3 x	5 x	10x

HealthyCare
Lede kan tot 'n 25% kontant-terugbetaling ontvang by Dischem- en Clicks apteke. Die produkte en dienste word geweldig uitgebrei vir 2015, soos vroeër in hierdie dokument uiteengesit.

HealthyGear
Lede kan tot 'n 25% kontant-terugbetaling kry by Sportsmans Warehouse en Totalsports. Items wat hiervoor kwalifiseer, sluit in 'n geselekteerde reeks skoene, sportdrag, sporttoerusting, fiksheidstoestelle en oefentoerusting.

Vitality Baby – 1000 Dae
Die 1000-dag reis met u baba word in drie dele verdeel, naamlik: 270 dae (9 maande van swangerskap) + 365 dae (vanaf geboorte tot die ouderdom van 12 maande) + 365 dae (12 tot 24 maande). Vitality Baby gee lede toegang tot:

- Assesserings en toetse
- Inligting en ondersteuning
- Vitality-punte
- Reward-program

Big Concerts
Lede van Vitality het toegang tot konserte van Big Concerts deur eksklusiewe-toegangskaartjies.

Builders Warehouse
Die kontrak met Builders Warehouse eindig 31 Desember 2014 as gevolg van Walmart eienaarskap.

Team Vitality
Lede kan tot 'n 50% kontant-terugbetaling kry op alle wedlope en wedrenne op die Team Vitality-kalender. 'n Lidmaatskapsfooi van R300 vir wedlope en R600 vir fietswedrenne (insluitende die relevante lisensiefooie) sal van toepassing wees.

Vitality Fit
Lede kan tot 'n 25% kontant-terugbetaling kry by sekere gespesialiseerde fiksheidsvennote, soos "SWEAT 1000", "Crossfit" en "Adventure boot camp for Women".

6. MEDIESE GAPINGDEKKING-VERSEKERING

Guardrisk Versekeringsmaatskappy sal op 31 Desember 2014 die AdmedAdd+ produk staak. Die nuwe produk, met beter voordele, sal waarde toevoeg vir lede. Lede sal op 1 Januarie 2015 outomaties na die **Admed Opsie4 produk** oorgeplaas word.

Gapingsdekking-produkte is korttermyn versekeringspolisse wat die verskil dek tussen die verskaffer se tariewe (bv. narkotiseurs, chirurge, ander spesialiste en huisdokters) en die produk se tarief vir prosedures wat in hospitale gedoen word, en aan sekere limiete onderworpe is.

Selfs op u mediese skema se meer omvattende opsies, kan daar steeds gapings wees tussen die tariewe wat die mediese skemas betaal en die bedrag wat die diensverskaffers vra.

U het alreeds ’n gapingsdekking-produk gekies wat hierdie gapings in u dekking aanspreek. Nou moet u die veranderinge oorweeg wat aan u mediese skema se dekking gemaak is, saam met enige veranderinge in u gapingsdekking-versekering, en voortgaan om planne te beraam om u blootstelling te verminder.

U gapingsdekking se bydrae gaan verhoog van R87 in 2014 tot R95 per gesin per maand met ingang van 1 Januarie 2015.

Die verskille in produkte word kortliks hieronder uiteengesit:

	AdmedAdd+	**Opsie 4**
Dekking	5 x Admed-tarief	5 x die Fondstarief
Premie	R87 per gesin per maand	R95 per gesin per maand
Bybetalings	Ja, dekking van R20 000 vir sekere bybetalings en aftrekbare bedrae in die hospitaal. Bybetalings vir MRI-/CT-/PET-skanderings op ’n buitepasiëntgrondslag	Ja, **onbeperkte** dekking vir bybetalings en aftrekbare bedrae in die hospitaal. Bybetalings vir MRI-/CT-/PET-skanderings op ’n buitepasiëntgrondslag
Polislimiet	R250 000 per persoon en R2 500 000 per gesin	**Onbeperkte voordele**
Addisionele voordele	- Persoonlike ongeluksdekking - Kankervoordeel van R10 000 vir bors-en prostaat kanker - Onkologievoordeel - Betaling van tekorte of gapings rakende voorgeskrewe minimum voordele (VMV’s)	- Persoonlike ongeluksdekking van R25 000 vir alle lede - Kankervoordeel van R25 000 by eerste diagnose van **enige** kanker - Onkologievoordeel van R250 000 per afhanklike indien mediese skema tarief bereik word - In-hospitaal sublimiet voordeel van R30 000 vir interne prosteses - Betaling van tekorte of gapings rakende voorgeskrewe minimum voordele (VMV’s) - Digitale dokter

Besonderhede oor algemene uitsluitings en wagperiodes kan verkry word van Alexander Forbes Health of die gapingsdekking-verskaffer op die webwerf www.admed.co.za.

Afsluiting

Ons SERVE model omvat die wyse waarop Alexander Forbes besigheid doen. Ons streef daarna **om Eenvoudige**, **Kundige** asook **Innoverende** oplossings te bied met **langdurige verhoudings** en **vertroue** as basis. Hiermee kan ons **betekenisvolle dienste** lewer en terselfdertyd **lewens verryk**.

As ’n kliënt van **Alexander Forbes Health**, kan u verseker wees van ons onwrikbare toewyding om u te help om goeie keuses te maak en goeie gesondheid te geniet in die jaar 2015.

Om by te bly met verwikkelinge in die mediese fonds industrie, kan u ons volg op Twitter op https://twitter.com/AF_Health

Kry ’n paar nuttige Vitality-wenke deur vir Alex te volg op https://twitter.com/Alex_vitaliTIPS.

Kry meer inligting hier:

Besoek die webwerf www.discovery.co.za	Brosjure aangestuur deur Discovery Health	Nasionale in-loop sentrums
Alexander Forbes se generiese webwerf www.afhealth.co.za/discoveryhealth	Stellenbosch – 021 809 3777 of clientspecialist@aforbes.co.za	Alexander Forbes Klagtes: Aanlyn www.alexanderforbes.co.za E-pos contactus@aforbes.co.za Tel 011 669 7026 Faks 011 263 1343 Stuur 'n brief per pos na: Klagtekantoor Posbus 787240 Sandton 2146
Verdere inligting is by die volgende webskakel beskikbaar: http://www.corpcam.com/AFOct2014		

7. Belangrike reëlings rondom lede en afhanklikes

Geen telefoniese veranderings sal aanvaar word nie. Maak asseblief seker dat u vorm ons bereik. Die lede is self verantwoordelik daarvoor dat die vorm ons voor die sperdatum (21 November 2014) bereik. Ons sal so gou moontlik per e-pos of per brief die nodige ontvangserkenning doen. Skakel gerus, indien u twyfel. Discovery Health gaan nie toegewings maak in gevalle waar lede nie betyds die plankeuse bevestig nie.

- Neem asseblief kennis dat die plankeusevorms **slegs gebruik moet word om 'n verandering van plankeuse aan te dui.** Die gewone Discovery aansoekvorms moet deur **nuwe lede** wat vir die eerste keer by die medies wil aansluit, ingevul word. Diegene **wat afhanklikes wil byvoeg,** moet die toepaslike vorms daarvoor gebruik. Die vorms is by Christine Lombard beskikbaar. Vir die verwydering van afhanklike, rig skrywe per brief, faks of e-pos.
- Indien u op 'n opsie is wat oor 'n mediese spaarrekening beskik en u beplan om gedurende die jaar 'n afhanklike se lidmaatskap te kanselleer, moet u daarop let dat Discovery Health 'n **terugverhaling** van u kan hef indien u op daardie stadium reeds te veel van u mediese spaarvoordele benut het.
- U skriba en kerkraad moet van enige veranderinge aan u plankeuse, met die oog op die aanpassing van die **debietorder**, in kennis gestel word. Dit geld ook vir veranderings gedurende die jaar soos wanneer u 'n afhanklike (bv. volwasse kind) se lidmaatskap wil kanselleer of 'n afhanklike (ouer of baba) wil byvoeg.

Die skriba moet dan onmiddellik vir Christine Lombard in kennis stel van sodanige wysiging.

Indien u 'n afhanklike se lidmaatskap wil kanselleer moet u ons een maand kennis gee. In sulke gevalle benodig ons die volle name en geboortedatum, asook datum van verandering.

Vriendelike groete

Kenny Raats
BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONNE

Aanhangsel A: 2015 Discovery Health Totale Bydraes

2015 TOTALE MEDIESESKEMA-BYDRAE

Reeks	Plan	Hooflid	Volwasse Afhanklike*	Kinder-afhanklike*
Eksklusiewe	Eksklusiewe	R 4 547	R 4 547	R 863
Omvattende	Klassiek Omvattend	R 3 696	R 3 496	R 737
	Klassiek Delta Omvattend	R 3 329	R 3 149	R 662
	Klassiek Omvattend Zero MSA	R 2 772	R 2 622	R 553
	Essensieel Omvattend	R 3 105	R 2 936	R 625
	Essensieel Delta Omvattend	R 2 796	R 2 642	R 561
Prioriteit	Klassiek Prioriteit	R 2 478	R 1 950	R 992
	Essensieel Prioriteit	R 2 130	R 1 672	R 850
Spaarder	Klassiek Spaarder	R 2 172	R 1 710	R 869
	Klassiek Delta Spaarder	R 1 734	R 1 368	R 697
	Essensieel Spaarder	R 1 725	R 1 294	R 690
	Essensieel Delta Spaarder	R 1 378	R 1 036	R 552
	Kusstreek Spaarder	R 1 710	R 1 282	R 688
Kern	Klassiek Kern	R 1 617	R 1 272	R 646
	Klassiek Delta Kern	R 1 294	R 1 018	R 517
	Essensieel Kern	R 1 389	R 1 040	R 557
	Essensieel Delta Kern	R 1 110	R 833	R 445
	Kusstreek Kern	R 1 195	R 896	R 477
KeyCare	KeyCare Plus (R10 001+)	R 1 592	R 1 592	R 426
	KeyCare Plus (R7051 - R10 000)	R 1 069	R 1 069	R 300
	KeyCare Plus(R361 - R7 050)	R 764	R 764	R 276
	KeyCare Plus (R0 - R360)	R 330	R 330	R 330
	KeyCare Access (R10 001+)	R 1 556	R 1 556	R 420
	KeyCare Access (R7 051 - R10	R 1 036	R 1 036	R 292
	KeyCare Access (R4 401 - R7 050)	R 718	R 718	R 258
	KeyCare Access (R0 - R4 400)	R 538	R 538	R 235
	KeyCare Kern (R10 001+)	R 1 176	R 1 176	R 265
	KeyCare Kern (R7 051 - R10 000)	R 762	R 762	R 187
	KeyCare Kern (R0 – R7 050)	R 611	R 611	R 158

**Bydraes word gehef tot op 'n maksimum van drie kinders; Afhanklikes wat ouer as 21 jaar is, word as volwasse afhanklikes beskou.*

2015 VITALITY & KEYFIT BYDRAES

Gesinsgrootte:	Enkellid	Lid met een afhanklike	Lid met twee of meer afhanklikes
Vitality	R 185	R 219	R 249
KeyFIT	R 40	R 49	R 60
Vitality & KeyFIT	R 199	R 239	R 275

2015 MEDIESE SPAARREKENING (MSR)

Reekse	Plan	Hooflid		Volwasse Afhanklike		Kinder-afhanklike*	
		Jaarliks	Per maand	Jaarliks	Per maand	Jaarliks	Per maand
Eksklusief	Eksklusief	R 13 644	R 1 137	R 13 644	R 1 137	R 2 580	R 215
Omvattend	Klassiek	R 11 088	R 924	R 10 488	R 874	R 2 208	R 184
	Klassiek Delta	R 9 984	R 832	R 9 444	R 787	R 1 980	R 165
	Essensieel	R 5 580	R 465	R 5 280	R 440	R 1 116	R 93
	Essensieel Delta	R 5 028	R 419	R 4 752	R 396	R 1 008	R 84
Prioriteit	Klassiek	R 7 428	R 619	R 5 844	R 487	R 2 976	R 248
	Essensieel	R 3 828	R 319	R 3 000	R 250	R 1 524	R 127
Spaarder	Klassiek	R 6 516	R 543	R 5 124	R 427	R 2 604	R 217
	Klassiek Delta	R 5 196	R 433	R 4 104	R 342	R 2 088	R 174
	Essensieel	R 3 096	R 258	R 2 328	R 194	R 1 236	R 103
	Essensieel Delta	R 2 472	R 206	R 1 860	R 155	R 984	R 82
	Kusstreek	R 5 124	R 427	R 3 840	R 320	R 2 064	R 172

** 'n Maksimum van drie kinders word gereken wanneer die jaarlikse MSR-toewysing gemaak word.*
**Waar van toepassing, word die maandelikse MSR-toewysing ingesluit in die totale maandelikse bedrae soos uiteengesit op bladsy 1.*

2015 JAARLIKSE DREMPEL-VLAKKE

Plan:	Eksklusiewe Plan	Omvattend Planne
Hooflid	R 13 640	R 12 590
Per volwassene	R 13 640	R 12 590
Per kind*	R 2 550	R 2 380

** 'n Maksimum van drie kinders word gereken wanneer die Jaarlikse Drempel-Vlakke bereken word.*

Prioriteit Planne:	Jaarlikse Drempel	Drempel Limiet
Hooflid	R 10 980	R 9 340
Per volwassene	R 8 250	R 6 650
Per kind*	R 3 590	R 3 210

** 'n Maksimum van drie kinders word gereken wanneer die Jaarlikse Drempel en die Voordeel Bo Drempel Limiet bereken word.*

LAATAANSLUITINGSBOETES
Neem asseblief kennis dat hierdie tariewe die standaard Discovery Health tariewe is en nie enige laataansluitingsboetes in ag neem nie. Hierdie boetes kan toegepas word op aansoekers of volwasse afhanklikes wat ouer is as 35 jaar. Afhangende van die aantal jare wat hulle nie aan 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse mediese skema behoort het nie, kan 'n addisionele heffing ('n persentasie van die bydrae) bygevoeg word by die lid se bydrae, soos blyk uit die volgende tabel:

Boete-tydperke	Maksimum boete
1 – 4 jaar	0,05 x bydraes
5 – 14 jaar	0,25 x bydraes
15 – 24 jaar	0,50 x bydraes
25+ jaar	0,75 x bydraes

Die laataansluitingsboete word as volg bereken: A = B minus (35 + C)
Waar:
A = die aantal jare in die eerste kolom; B = die ouderdom van die aansoeker ten tyde van die aansoek; C = die aantal jaar van geloofwaardige dekking.

Aanhangsel B: 2015 Discovery Health bybetalings(aftrekbare bedrae) by Hospitalisasie

PRIORITEIT REEKS: BYBETALINGS BY HOSPITALISASIE

Lede op die **Prioriteit-planne** moet kennis neem daarvan dat die **voorafbepaalde betaling deur die lid** vir prosedures in die hospitaal steeds sal geld in 2105. Lede moet by toelating self 'n bedrag vooruit aan die hospitaal betaal wanneer die lid vir een van die volgende prosedures opgeneem word:

BYBETALINGS BY HOSPITALISASIE	LYS VAN PROSEDURES
R 2 350	Konserwatiewe rug- en nekbehandeling; Mirongotomie (trommelvliesinsnydings); Tonsillektomie (mangelverwydering); Verwydering van adenoïede
R 3 150	Kolonoskopie; Sigmoïdoskopie; Proktoskopie; Gastroskopie; Sistoskopie
R 5 650	Artroskopie; Funksionele Nasale Prosedures; Histerektomie (behalwe vir pre-operatief gediagnoseerde kanker); Laparoskopie; Histeroskopie; Endometriale ablasie
R 11 550	Nissen fundoplikasie (refluks chirurgie); Spinale chirurgie (rug en nek); Gewrigsvervangings

Indien die prosedure buite die hospitaal gedoen kan word, byvoorbeeld in die dokter se spreekkamer, en die lid nie hospitaal toe hoef te gaan nie, hoef die lid geen inbetaling te maak nie. Dit word aanbeveel dat lede Discovery Health voor die prosedure direk kontak by 0860 100 694, om hulle voordele te bevestig.

DELTA-PLAN BYBETALINGS

Lede van die Delta-plan moet kennis neem daarvan dat 'n **R5 950**-inbetaling sal geld indien u nie die Delta-Hospitaalnetwerk vir beplande prosedures gebruik nie.

IN-HOSPITAAL en DAG-KLINIEK TANDHEELKUNDIGE BEHANDELINGS-BYBETALINGS

Bybetalings geld ook vir **in-hospitaal tandheelkundige behandeling** op die Discovery-planne wat hieronder genoem word**:**

	Hospitaal	Dag-kliniek
Lede jonger as 13	R 1 700	R 800
Lede ouer as 13	R 4 400	R 2 850

ALLE roetine konserwatiewe tandheelkundige behandeling, soos byvoorbeeld voorkomende behandeling, eenvoudige stopsels en wortelkanaal-behandelings, of hulle binne of buite 'n hospitaal of in 'n dag-kliniek gedoen word, **word gedek uit u beskikbare Mediese Spaarplan, op die Spaarder-planne.** Op die **Prioriteit, Omvattend en Eksklusiewe planne** word hierdie dienste gedek uit u **beskikbare Mediese Spaarrekening** of **u eie sak terwyl u in u Self-betalingsgaping is.** Wanneer u eise geakkumuleer het tot by u Jaarlikse Drempelvlak, word **hierdie dienste** gedek deur **Voordeel Bo Drempel.**

Aanhangsel C: Opsie-veranderingsvorm: 2015 Discovery Health

Afdeling 1: Lidbesonderhede			
Voorletter (s)		**Lidnommer**	
Van		**Bestaande plan**	

Afdeling 2: Keuse van planne

Ek wil graag my plan-opsie as volg verander vir 2015 (Maak asseblief 'n regmerk ✓ in die kassie van u keuse)

Plan-opsie	Merk✓
Executive	
Klassiek Omvattend	
Klassiek Delta Omvattend **	
Klassiek Omvattend Zero MSA	
Essensieel Omvattend	
Essensieel Delta Omvattend **	
Klassiek Prioriteit	
Essensieel Prioriteit	
Klassiek Spaarder	
Klassiek Delta Spaarder **	
Essensieel Spaarder	

Plan-opsie	Merk✓
Essensieel Delta Spaarder **	
Kusstreek Spaarder *	
Klassiek Kern	
Klassiek Delta Kern **	
Essensieel Kern	
Essensieel Delta Kern **	
Kusstreek Kern*	
Keycare Plus ***	
Keycare Access ***	
Keycare Kern ***	

*Slegs vir lede woonagtig in provinsies aan die kus l ** Die Delta-planne maak gebruik van 'n netwerk van hospitale l *** Die KeyCare-planne maak gebruik van die KeyCare-netwerk van hospitale

Afdeling 3: Slegs vir ***KEYCARE PLUS/ACCESS aansoekers

Voltooi asseblief die besonderhede van diensverskaffers ('n Lys van name van verskaffers is beskikbaar op www.discovery.co.za of by 0860 100 694)

Afhanklike	**Naam van dokter**	**Praktyknommer**

Afdeling4: Vitality Keuse

Ek wil graag my Vitality en/of KeyFIT opsie vir 2015 as volg verander (Maak asseblief 'n regmerk ✓ in die kassie van u keuse)

	Sluit aan by Vitality		Kanselleer Vitality
	Sluit aan by KeyFIT		Kanselleer KeyFIT
	Sluit aan by Vitality en KeyFIT		Kanselleer Vitality en KeyFIT

Afdeling 5: Verklaring

Hiermee verklaar ek dat volle inligting oor die produk deur Discovery Health en/of Alexander Forbes Health aan my beskikbaar gemaak is en dat dit my in staat gestel het om 'n ingeligte keuse uit te oefen met betrekking tot die keuse/verandering van my plan-opsie. Ek bevestig ook dat indien ek raad of hulp nodig het, ek volle toegang sou hê tot my Alexander Forbes Health-konsultant. Volgens die reëls van die Mediese Fonds, doen ek hiermee aansoek om my mediese skema se plan-opsie te verander, soos hierbo aangedui. Ek verstaan die reëls, die voordele en die finansiële implikasies van hierdie keuse van plan-opsie.

Handtekening	**Datum**

Hierdie vorm moet voltooi en terugbesorg word aan CHRISTINE LOMBARD TEEN 21 NOVEMBER 2014.
Faks (021 957 7101)